09 Des

Uitgawe 2009/12/09

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Tog is ek daarvan oortuig: Die Here se goedheid sal ek sien hier in die land van die lewendes. (**Ps.27:14**). Aangesien dit die laaste maand is van die jaar, oorweeg dit om 'n paar oomblikke elke dag vir die res van die maand te neem om aan die goedheid van God te dink. Skryf alles neer wat jy kan onthou waar die Here aan jou voorsien het gedurende die jaar. Bring dit voor die Here as 'n offer van lof en prys. Vra die Heilige Gees om jou hart te ondersoek en erken enige gedagte van ondankbaarheid teenoor die Here. Erken jou afhanklikheid aan God.

Deurbraak : Sieraad vir as

"Ons het 'n wonderlike week gehad" het Rachel Warwick geskryf, die organiseerder van 'n 24-7 gebedskamer by 'n skool in Chertsy, VK. "Baie van die kinders en personeel ervaar diep dinge. Een van ons nuwer bronne het skoliere gevra om negatiewe woorde wat ander gebruik om hulle te beskryf in die sand te skryf. Hulle kon dan kies om nie die woorde te glo deur dit uit te wis en 'n meer positiewe alternatief neer te skryf. Gesprekke rondom hierdie bron het 'n 11-jarige dogtertjie ingesluit wat gesê het dat ander haar lelik noem. Sy was regtig een van die oulikste dogters in die klas. Selfs toe sy deur die groepleier aangemoedig was om "pragtig" as haar alternatiewe woord te kies, kon sy net aanvaar dat ander dink dat sy gemiddeld is. 'n Twaalfjarige seun het die trane afgevee terwyl hy aan 'n alternatiewe woord gedink het vir die oorspronklike woord wat hy neergeskryf het – "misverstaan". (Webruimte: http://www.24-7prayer.com/blog/1113, 02/11/09). ***Prys die Here vir die 24/7 gebedsbediening in VK. Prys die Here vir geleenthede soos hierdie waar kinders kan uitvind wat God omtrent hul sê. Bid dat ander gebedskamers soos hierdie regoor die wêreld ingestel word.***

Bid vir jou gemeenskap : Lewe van 'n Korrektiewe Offisier

Wanneer jy vir Korrektiewe Dienste werk vir baie jare (12 jaar) dan raak jy gewoond aan jou omgewing. Om deur die gevangenis te stap is niks anders vir my as om deur 'n winkelsentrum te loop nie. Elke nou en dan kry 'n mens 'n onverwagse waarskuwing. Nie te lank terug nie is een van die Korrektiewe Offisiere in Pollsmoor Gevangenis, Kaapstad gesteek deur een van die gevangenes. Dit het die werklikheid weer laat insink, dat die plek waar ons werk baie gevaarlik is. Weerhou dit ons daarvan om hier te werk? Definitief nie! Dit gee ons meer rede om aan te hou met ons werk. Dit is vir hierdie rede wat ons leef en asemhaal. Om die lewe te verander van 'n krimineel met 'n klein oortreding sal miskien verhoed dat 'n brood gesteel word, maar wanneer die lewe van 'n moordenaar, bendelid of verkragter verander word, verhoed ons dat 'n lewe geneem of vernietig word. Die korrektiewe offisier is besig om aan te sterk. (E-pos: info@prisonbroadcast.org.za, 10/11/09). ***Bid daarteen dat korrektiewe offisiere gesteek word in Pollsmoor Gevangenis en ook enige gevangenisse wat jy by naam ken. Bid vir die beskerming van Korrektiewe Diens Offisiere teen enige vorm van geweld. Bid dat Korrektiewe Diens Offisiere sal staan vir geregtigheid en nie skuldig sal wees van enige daad van korrupsie of omkopery nie.***

Suid-Afrika : Ontwyk vakansie teleurstellings

Ouers word aanbeveel om spesiale sorg te neem wanneer hulle geskenke vir kinders koop en om toesig te hou wanneer hul kinders speel gedurende die somer vakansie weens die toename in risiko van ongelukke. Die *Child Accident Prevention Foundation (Child Safe)* van Suid-Afrika sê dat daar nog altyd in die verlede 'n toename was in die aantal kinders met wonde wat by trauma eenhede toegelaat word gedurende vakansietye. Kinders word gewoonlik afgeskeep in hierdie tyd. Ouers van jong kinders moet speelgoed vermy wat skiet, wat gedeeltes het wat afskiet of in stukkies breek. (Sunday Argus, 08/11/09). ***Bid vir die beskerming van kinders oor die vakansietyd. Bid dat ouers altyd sal seker maak dat hul kinders te alle tye veilig is. Bid vir die beskerming van kinders wat sonder toesig gelaat word terwyl hul ouers gaan werk.***

Internasionaal : Klimaatverandering en natuurrampe

Volgens 'n nuwe verslag wat deur *Save the Children* bekend gemaak is, kan tot 175 miljoen kinders jaarliks geraak word deur natuurrampe wat veroorsaak word deur klimaatverandering in die volgende dekade. Rampe soos vloede, siklone en droogtes, sowel as 'n dramatiese toename in wanvoeding en siektes, kan 'n geweldige impak hê indien pogings nie aangewend word om die kliimaatveranderinge te bekamp nie. Ons sien alreeds die effek van klimaatverandering in die aantal natuurrampe wat die Asiese-Pasifiese area getref het oor die afgelope paar maande. Ons moet aanhou bid vir hierdie lande wat die groot uitdaging het om gemeenskappe te herbou – fisies, emosioneel en geestelik. (E-pos: pray@viva.org, 09/11/09). ***Bid vir die United Nations Climate Change Konferensie wat in Kopenhagen gehou word van 7-18 Desember 2009. Bid dat wêreld leiers aktief betrokke sal raak in die bekamping van klimaatverandering, en dat hulle die implikasies sal verstaan indien hulle dit nie doen nie. Bid vir die volgende lande - Samoa, Fillipyne, Viëtnam en Indonesië en andere wat deur natuurrampe geaffekteer is.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com